



DIE SKOOL BY UITNEMENDHEID

HOËRSKOOL VAALPARK ARTICON

TEL: (016) 971 2025

POSBUS 62055

FAKS: (016) 971 1012

LANGEBERGSTRAAT 35

VAALPARK, 1948

WEB: WWW.VAALPARKHIGH.CO.ZA

E-POS: ADMIN@VAALPARKHIGH.CO.ZA

BANKBESONDERHEDE:

ABSA SASOLBURG

BANK REK NR: 520-391-681

TAKKODE: 335-036

KLEREDRAG EN VOORKOMS: 2020

SKOOLDRAG

Die skooldrag is beskikbaar by:

- MG'S SCHOOL WEAR, Stephen Le Rouxstraat Vanderbijlpark (016-931 1173).
- EKSPAAR, Shakespearestraat Vanderbijlpark (016-931 2867)

1. FORMELE DRAG

SEUNS EN DOGTERS

Hemde: Winter en somer: Lang- of kortmou wit hemp.
In die **SOMER** mag **oopnek** kortmouhemp sonder das gedra word.
Langmouhemp word **ALTYD** met 'n das gedra.
GEEN ander hemp of onderhemp mag sigbaar wees onder die skoolhemp nie.

Langmouhemp mag opgerol wees indien gelyk of hoër as elmboog.

Hemde **MOET** te alle tye ingesteek wees.

Truie: Grys langmoutrui met skoolkleure of grys oortrektrui met skoolkleure.
'n Das moet **ALTYD** saam met 'n langmoutrui gedra word.
Geen oortrektrui mag bo-oor 'n langmoutrui gedra word nie.
Gate vir vingers mag nie in moue van truie gemaak word nie.
Geen truie / oortrektruie mag ingesteek word by langbroek / romp nie.

Baadjie: Formele skoolbaadjie: Gr. 8 – 12.
Slegs **AMPTELIKE** skoolbalkies en lapelwapens mag op baadjie gedra word.
'n Das **MOET TE ALLE TYE** saam met 'n baadjie gedra word.

ONS VISIE:

By Hoërskool Vaalpark Articon, 'n skool by uitnemendheid, glo ons in die holistiese ontwikkeling van ons leerders. Ons koester en ondersteun hulle talente in die akademiese- en kundisdisciplines en ons verryk hul lewens met kulturele- en sportaktiwiteite.

ONS MISSIE:

Ons beoog volhoubare kwaliteit in die onderwys waar:

1. Ons toegewyde, gekwalifiseerde leerkragte bied;
2. Kwaliteitonderrig en leer moet plaasvind waar respek fundamenteel is en waar 'n omgewing geskep word wat dit daartoe leen om onderrig te stimuleer;
3. Ons poog om 'n gesonde balans te handhaaf tussen akademie-, kuns, kultuur en sport;
4. Ons daarna streef om kompetender te wees in akademie-, sport- en kundisdisciplines terwyl ons 'n gesonde en mededingende gees in die skoolomgewing skep.

AKADEMIE ~ KUNS ~ KULTUUR ~ SPORT

Dasse: Slegs die amptelike Vaalpark Articon das mag gedra word.
Slegs Matrieks mag die amptelike geel Matriekdas dra wanneer hulle in Gr 12 is.
Slegs Matriekraad mag die ampelike Matriekraaddas dra wat deur die skool voorsien word.

Serpe: Slegs die geel skoolserp met skoolwapen / skoolnaam mag gedra word gedurende die winter.
Geen serpe gedurende die somer nie – datum sal aangekondig word.

Handskoene: Slegs effekleur grys, maroen of swart handskoene mag gedra word.

- **GEEN** oorbeskermers (“ear muffs”) toegelaat nie.
- **SLEGS** amptelike Vaalpark Articon skool mussies (“beanies”) word toegelaat in die winter. Dit mag nie gedra word in klastyd, tydens opening of in die somer nie.
- **SLEGS** amptelike Vaalpark Articon pette (“caps”) word toegelaat tydens pouses en na skool..
- **GEEN** ander mussies of pette word toegelaat nie.
- **GEEN ANDER HEMP, TOP OF BROEK MAG SIGBAAR WEES ONDER SKOOLUNIFORM NIE.**
- Skooltasse: Slegs standaard tasse word toegelaat. **GEEN** handsakke nie.

DOGTERS: Somer:

Maroen skoolromp (maks. **12cm** bo knie, gemeet vanaf die middel van die knie, van voor en agter) **OF** maroen skoollangbroek **MET** oortrektrui, langmoutrui of skoolbaadjie.

GEEN styfpassende langbroeke mag gedra word nie.

Indien 'n skoolrompie gedra word, **MOET** 'n kort maroon of swart “skipant” daaronder aangetrek word!

Kouse: Grys kniekouse of maroen sokkies met skoolkleure. Maroen sykaouse mag ook gedra word indien jy dit sou verkies.

Skoene: Swart poleerbare skoolskoene – geen stewels, sportskoene of skoene wat nie kan vasmaak nie. **GEEN SUEDE SKOENE NIE. Geen “sneakers”nie.**

Winter:

Maroen skoolromp soos by somer genoem **OF** maroen skoollangbroek met oortrektrui, langmoutrui of skoolbaadjie.

Kouse: Grys kniekous met skoolkleure of maroen skool- sykouse.

GEEN geskeurde sykouse nie.

GEEN kortkouse mag bo-oor of onder die maroen skoolsykouse gedra word nie.

Skoene: Swart poleerbare skoolskoene – geen stewels, sport-skoene of skoene wat nie kan vasmaak nie. **GEEN SUEDE SKOENE NIE. Geen “sneakers”nie.**

LET WEL: Behoorlike onderklere moet te alle tye gedra word.

GEEN gekleurde onderklere mag sigbaar wees onder skoolhemp nie.

GEEN styfpassende langbroeke mag gedra word nie.

GEEN verandering aan die wydte van 'n romp of 'n langboek nie, behalwe om die middel.

NB – GEEN kledingstuk met gebreekte ritse mag gedra word nie.

SEUNS: Somer en Winter:

Grys langbroek of skoolkortbroek – **GEEN** selfgemaakte kortbroeke of afgesnyde langbroeke nie.

Langbroeke moet netjies oor skoene hang. Geen langbroeke mag korter of nouer gemaak word nie. Geen “skinny pants” nie.

Swart, bruin of grys standaard gordels met standaard gespe.

Kouse: Grys met skoolkleure.

Skoene: Swart poleerbare skoolskoene. Skoene moet kan vasmaak /

formeel “slip-on” skoene. **Geen stewels, sportskoene of informeel**

“slip-on” skoene nie. Geen “sneakers” nie. **GEEN SUEDE SKOENE NIE.**

SEUNS EN DOGTERS: FORMELE SKOOLDRAG WORD NA ALLE FORMELE FUNKSIES TOE GEDRA, INSLUITEND SAALOPENING, OUERAANDE, PRYSUITDELINGSFUNKSIES, AS TOESKOUERS BY SPORTBYEENKOMSTE EN TYDENS VERGADERINGS MET DIE KRINGBESTUURDER EN SO AAN.

2. SPORTDRAG

- Sportdrag is eenvormig.
- Die voorgeskrewe sporthemp sal deur alle sportsoorte gebruik word.
- Slegs die eerste spanne se kleredrag sal verskil.
- Die maroen “board short” word gebruik vir sportkieweite.
- LO praktiese periodes: Toepaslike kortbroeke/ sweetpakbroeke en T-hemde word tydens hierdie periodes gedra.
- **GEEN KLEREDRAG MET POLETIEKE OF ANDERSINS ONVANPASTE PRENTE / SLAGSPREUKE SAL TOEGELAAT WORD NIE**

SEUNS EN DOGTERS NEEM ASSEBLIEF KENNIS:

- **LET OP** dat geen Dri- Mac, sweetpak, T-hemp of “board short” deel van die formele skooldrag is nie.
- **Sporthemde** en maroen “board shorts” word gedra na sport oefensessies..
- Sweetpake en formele skooldrag is toelaatbaar by sportbyeenkomste. Sportdrag **SLEGS** indien jy deelneem.
- Die skool se sporthempie en “board short” / volledige sweetpak mag skooltoe gedra word op ‘n **VRYDAG**.
- Leerlinge wat **PROVINSIALE KLEURE** verwerf het terwyl hulle leerders by Vaalpark Articon is, mag dit op ‘n **VRYDAG** dra, mits hulle vooraf toestemming verkry by **MNR. ENGELBRECHT of MNR. ESTERHUIZEN**.
- Gewone skooldrag en Sportdrag mag **NIE** op ‘n Vrydag gemeng word nie. Jy mag **SLEGS** gewone skooldrag of **SLEGS** volle Sportdrag aantrek – nie ‘n kombinasie van die twee nie.
- **DOGTERS:** Jou sportbroek mag nie korter as 12cm bo jou knie wees nie en geen styfpassende broeke sal toegelaat word nie.

WANNEER JY IN VAALPARK ARTICON SKOOLDRAG IS, ONGEAG WAAR JY JOUSELF MAG BEVIND, IS JY ‘n VERTEENWOORDIGER VAN ONS SKOOL. DIE PUBLIEK SIEN JOU AS VAALPARK ARTICON. ONS GOEIE NAAM IS VIR ONS UITERS BELANGRIK. ONS VERWAG DUS VAN JOU OM DIENOOREENKOMSTIG OP TE TREE. ALLE SKOOLREËLS GELD STEEDS, ASOOK JOU GEDRAG. INDIEN JY ENIGE VAN DIE REËLS OORTREE, SAL DAAR BAIE STRENG TEENOR JOU OPGETREE WORD. HOU ALTYD ONS SKOOL SE NAAM HOOG. ONTHOU DIS ‘n VOORREG OM DIE SKOOL UNIFORM TE DRA!

H A R E

ONS HAARREËLS IS HERSIEN DIENOOREENKOMSTIG MET DIE “UNITAS EX VARITATE” EENHEID UIT VERSKEIDENHEID VAN ALLE LEERLINGE IN ONS SKOOL

SEUNS:

- Kort, netjies en ten alle tye gekam of geborsel.
- Mag nie oor die ore hang nie.
- Kuif mag nie wenkbroue raak nie en in die nek mag hare nie oor die kraag groei nie.
- Hare mag nie verder as 2cm van kopvel wegstaan nie. Geen regopstaande hare is toelaatbaar nie.
- **GEEN** uitspattige haarstyle word toegelaat nie.
- “High lights”: Slegs **een** skakering ligter as eie haarkleur en slegs in eweredige baie dun strepies.
- Volkleur- slegs natuurlike haarkleure. Die kleur mag slegs **een skakering ligter** of **een skakering donkerder** wees as jou eie natuurlike haarkleur.
- Oorkam-styl (“comb-over”) moet ten alle tye netjies gekam wees. As die hare vorentoe of sydelings getrek word, mag dit nie raak aan die wenkbroue of die bokant van die ore nie.
- **GEEN** wol in hare nie.
- Indien hare gevleg is, slegs dun vlegseltjies van nie meer as **0.5 cm**, styf teen kop. Die **hele kop** moet gevleg word – nie slegs een gedeelte van die kop nie. **GEEN** los punte in nek nie – moet netjies en dun afgewerk word
- **GEEN** gevlegde- of geskeerde patrone in hare of wenkbroue nie.
- Hare geleidelik van kort (langs die kante) na langer op die kop.
- Indien hare glad geskeer is langs die kant, moet die res van die kop ook gladgeskeer wees.
- **GEEN** “mowhawks” nie.
- Matriekleeders mag ‘n maand voor die matriekafskeid hul hare **BEGIN** groei. **GEEN** baarde of naels mag gegroei word nie.
- **SEUNS MOET ELKE DAG SKOON GESKEER WEES. INDIEN NIE, SAL HULLE BY DIE SKOOL MOET SKEER MET ’n SKEERMES EN SKEERROOM**

**VAT VOORSIEN SAL WORD. NA DIE DERDE KEER SAL 'n FOOI
BETAALBAAR WEES VIR SKEERMESSE EN SKEERROOM.**

DOGTERS:

- Hare moet ten alle tye netjies gekam wees.
- Kuif mag nie oor wenkbroue hang nie.
- Indien die hare in die nek langer as **2cm** verby die kraag hang, moet dit vasgemaak word.
- Linte of enige vasmaakstukke: **EFFE** kleur wit, maroen, grys, swart of geel.
- Geel moet dieselfde kleur wees as die geel in skooltrui.
- Geen hare mag met hare vasgemaak word nie.
- Knippies: swart, wit, maroen, goud, silwer of geel. Nie meer as **5** knippies toelaatbaar nie.
- Krale: Slegs goud of silwer krale, geen houtkrale of gekleurde plastiekkrale toelaatbaar nie. Krale mag nie langer of breër as 1cm wees nie. Nie meer as **5** krale toelaatbaar nie. Geen stringe is toelaatbaar nie.
- **GEEN BLOMME OF VASGEHEGTE STRIKKE IN DIE HARE NIE.**
- Kopbande en rekkies: Sonder versierings of strikke. Net **EFFE** kleur wit, maroen, grys, swart of geel.
- Verlengstukke: Geen wol, slegs sintetiese verlengstukke.
- Haarstukke, dieselfde skakering **OF EEN** skakering verskillend van natuurlike haarkleur. Geen maroen verlengstukke nie. Verlengstukke mag nie dikker as **1cm** wees nie.
- Kleur: "High lights": Slegs een skakering ligter **OF** een skakering donkerder as eie haarkleur en slegs in eweredige, baie dun strepies.
- Volkleur- slegs natuurlike haarkleure. Die kleur mag slegs **een skakering ligter** of **een skakering donkerder** wees as jou eie natuurlike haarkleur.
- Geen patrone of lyne mag in die hare of wenkbroue gesny word nie.
- **GEEN UITSPATTIGE HAARSTYLE NIE.**
- **GEEN LOSHANGENDE HARE IN DIE GESIG NIE.**
- **GEEN** uitsonderlike groot haarstyle nie.
- Afro's nie groter as **8cm** nie.
- **GEEN** loshangende hare in die gesig nie.

- Poniesterte: Natuurlike hare mag in 'n maksimum van 4 poniesterte op die kop gedra word. Vlegseltyes (braids) en 'Dreadlocks' mag **SLEGS** in 1 of 2 poniesterte op die kop gedra word. Niks meer as 2 poniesterte nie.
- Bolla slegs agter die kop vasgemaak, en mag nie meer as **15 sentimeter in deursnee en 8 sentimeter dik** wees nie.
- Vlegseltyes ("braids"): reguit op en reguit agter vlegsels mag nie dikker as 1.5cm wees nie. Blok vlegsels ("block braids"), draaivlegsels ("twist braids") en los vlegsels ("loose braids") mag nie 1cm in dikte oorskry nie.
- "Dreadlocks": **GEEN SIGBARE WOL** in dreadlocks nie. Lengte van dreadlocks moet ten minste **15cm** vanaf jou oorlob wees. Indien dreadlocks **KORTER as 15cm is, moet hare gevleg word**. Dreadlocks tussen **15cm and 30cm** moet vasgemaak word in 'n bolla. Dreadlocks langer as **30cm** mag ook vasgemaak word in 'n poniestert. **DIE DIKTE VAN DREADLOCKS MAG NIE 1cm OORSKRY NIE**. Dreadlocks moet gewas en skoon wees ten alle tye. Dreadlocks moet DIESELFDE kleur as jou eie hare wees. Geen dreadlocks in ander kleure word toegelaat nie. Dreadlocks se kleur moet egalig wees en geen anderskleurige kolle in dreadlocks is toelaatbaar nie, ongeag van die rede daarvoor.

LET WEL: **GEEN** uitsonderings sal gemaak word vir kulturele of godsdienstige redes nie en **ABSOLUUT GEEN** uisondering sal gemaak word as gevolg van toekomstige persoonlike funksies soos bv 'n troue nie!!!

MATRIEKSEUNS EN -DOGTERS. Normale nael- en haarreëls geld vanaf die eerste dag van skool na die matriekafskeid.

J U W E L E

SEUNS EN DOGTERS:

- **GEEN** ringe, hangertjies of armbande nie. (**GEEN** vergunning sal gemaak word vir enige organisasies, kulture of gelowe nie).
- Slegs een **STANDAARD** horlosie
- **GEEN** ander juweliersware of plaasvervangers van juweliersware in enige ander sigbare liggaamsdeel nie.
- Pleisters mag **NIE** gebruik word om onwettige juwele te probeer verbloem nie.

Oorbelle vir DOGTERS:

- Eenvoudige goud of silwer ringetjie – **10c-stuk** grootte met geen versierings nie. Ringetjie moet deur oor kan draai, **OF**
- Eenvoudige knopieoorbel (“stud”), nie groter as die kop van ‘n vuurhoutjie nie en slegs goud of silwer – geen steentjies of patroontjies nie.
- Slegs een oorbel per oor en gedra in die onderste gaatjie van elke oor.
- **Geen ander versierings word toegelaat nie.**

GEEN GAATJIES (“PIERCINGS”) OP ENIGE DEEL VAN DIE GESIG, NEK OF ENIGE ANDER SIGBARE LIGGAAMSDEEL IS TOELAATBAAR NIE! SLEGS GAATJIES IN ORE IS TOELAATBAAR!

SEUNS:

- **GEEN** oorbelle of ander juweliersware of bykomstighede nie.
- **GEEN** gerekte oorgaatjies nie.

NAELS

DOGTERS:

- Netjies en kort. Mag nie verby vingerpunte steek nie.
- Slegs kleurlose naellak.
- Matriekdogters mag ‘n maand voor die matriekafskeid hul naels **begin** groei.
- Naels moet die eerste dag van skool na die matriekafskeid weer volgens die normale skoolreëls wees.

SEUNS:

- Netjies en kort. Mag nie verby vingerpunte steek nie.
- Geen naellak.
- Matriekseuns mag **nie** hul naels laat groei nie.

GRIMERING

- **GEEN** GRIMERING TOEGELAAT VIR SEUNS OF DOGTERS NIE.
- **GEEN** SIGBARE TATOEËRMERKE TOEGELAAT NIE.
- **SLEGS** VOORSKRIF- BRILLE MAG GEDRA WORD.

- **SLEGS** KLEURLOSE LIPBALM MAG GEBRUIK WORD.

“ CIVVIE ” DAE (GEWONE KLERE)

BEPALINGS VIR DIE DRA VAN GEWONE DRAG TYDENS SKOOLURE (SLEGS WANNEER TOESTEMMING DEUR DIE HOOF DAARVOOR GEGEE IS)

SEUNS:

- Seuns moet te alle tye netjies geklee wees – geen styfpassende denims (skinny jeans) nie.
- Geen onderklere mag uitsteek nie.
- **GEEN** oorbelle, neusringe, lipringe, wenkbrouinge of enige juweliersware wat die liggaam deurboor nie.
- **GEEN** ander bykomstighede.
- **GEEN** suggestiewe patrone of prente op kledingstukke nie.
- Formele danse: slegs swart of vlootblou denims, of netjiese formele langbroeke.

DOGTERS

- Langbroeke wat styf sit mag slegs gedra word met 'n lang hemp/top wat ten minste tot in die middel van die bobeen hang.
- Kortbroeke mag nie korter wees as **12 cm** bo die knie nie.
- Bloese / hemde / T- hemde moet lank genoeg wees sodat geen gedeelte van die middel oop is of deurskyn nie.
- **GEEN** suggestiewe patrone of prente op kledingstukke nie.
- “Body-shirts” mag slegs gedra word met iets bo-oor, bv. 'n hemp of truitjie
- Rokke mag nie korter as **12cm** bokant die knie wees of om die lyf kleef nie.
- Die rug en hals mag nie onbehoorlik ontbloot wees nie.
- Toepaslike, ondeursigtige onderklere moet gedra word.
- Onderklere mag onder **GEEN** omstandighede sigbaar wees nie.
- **GEEN** lip-/ neus- / wenkbrouinge of enige ander juweliersware wat die liggaam deurboor nie behalwe oorbelle.

- | |
|---|
| <ul style="list-style-type: none">➤ DIESELFDE REËLS SOOS VIR CIVVIE DAE, SAL GELD VIR ALLE FORMELE SKOOLDANSE.➤ METGESELLE VANAF ANDER SKOLE SAL SLEGS BY DANSE TOEGELAAT WORD INDIEN VOORAF GEREËL MET MNR. VAN RENSBURG, MEV. DE BRUIN OF MEV. DEGENAAR.➤ ENIGE WYSIGINGS WAT NIE VERVAT IS IN BOSTAANDE REËLS NIE, SAL OP MERIETE HANTEER WORD |
|---|